



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2826

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST

REGULATION GAZETTE No. 2826

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

BUITELANDS 30c ABROAD

Registered at the Post Office as a Newspaper

POSVRY · POST FREE

Vol. 169]

PRETORIA, 6 JULIE 1979
JULY

[No. 6562

PROKLAMASIES

van die Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 132, 1979

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP WERKLOOSHEIDVERSEKERING, 1979 (WET 9 VAN 1979)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 33 van die Wysigingswet op Werkloosheidversekering, 1979 (Wet 9 van 1979), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet op die eerste dag van Augustus 1979 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

No. R. 134, 1979

SKEMA VIR INMAAKVRUGTE.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou, kragtens artikel 9 (2) (c), saamgelees met artikel 15 (3), van die Bemerkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Skema vir Inmaakvrugte, afgekondig by Proklamasie R. 215 van 1970, soos gewysig, aangeneem het, en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a), saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

10414—A

PROCLAMATIONS

by the Acting State President of the Republic of South Africa

No. R. 132, 1979

DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE UNEMPLOYMENT INSURANCE AMENDMENT ACT, 1979 (ACT 9 OF 1979)

Under the powers vested in me by section 33 of the Unemployment Insurance Amendment Act, 1979 (Act 9 of 1979), I do hereby declare that the said Act shall come into operation on the first day of August 1979.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighteenth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

No. R. 134, 1979

CANNING FRUIT SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment, set out in the Schedule hereto, to the Canning Fruit Scheme, published by Proclamation R. 215 of 1970, as amended, and has, in terms of section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighteenth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

6562—1

BYLAE

Die Skema vir Inmaakvrugte, afgekondig by Proklamasie R. 215 van 1970, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 1 die woordskrywing van "ingemaakte produkte" deur die volgende woordskrywing te vervang:

"'ingemaakte produkte', appeltjies, perskes of pere wat in die vorm van heel appeltjies, perskes of pere, gedeeltes daarvan, moes, puree, sous, sap, sapkonsentraat, konfyt, konserf of babavoedsel verwerk en teen bederf gevrywaar is, maar nie ook droëvrugte nie;"

No. R. 135, 1979

KATOENSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou kragtens artikel 9 (2) (c), saamgelees met artikel 15 (3), van die Bemerkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Katoenskema afgekondig by Proklamasie R. 37 van 1974, soos gewysig, aangeneem het, en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a) saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Junie Eenduisend Negehoenderd Nege-ensewentig.

M. VILJOEN, Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Die Katoenskema, afgekondig by Proklamasie R. 37 van 1974, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Artikel 16 word hierby deur die volgende artikel vervang:

"16. (1) Hierby word 'n adviserende komitee ingestel wat die Adviserende Pryskomitee heet, wat die Raad moet adviseer aangaande die uitvoering van die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 36.

(2) Die Komitee bestaan uit hoogstens vier lede en word saamgestel op die wyse deur die Raad, met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(3) Die lede van die Komitee word, behoudens die bepalinge van subartikel (4) deur die Raad aangestel: Met dien verstande dat geen persoon wat 68 jaar of ouer is as lid aangestel mag word nie.

(4) Niemand word as lid van die Komitee aangestel nie, tensy hy deur 'n organisasie of persoon, wat die Raad met die goedkeuring van die Minister, vir daardie doel moet aanwys en op die wyse en binne die tydperk wat die Raad moet bepaal, vir aanstelling in die Komitee genomineer is: Met dien verstande dat indien so 'n organisasie of persoon versuim om iemand op die aldus bepaalde wyse binne die aldus bepaalde tydperk vir aanstelling in die Komitee te nomineer, die Raad enigeen wat hy geskik ag in die Komitee kan aanstel.

(5) Die Raad kan ook op die voorwaardes wat die Minister goedkeur sodanige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Skema aan die Komitee oordra as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.

SCHEDULE

The Canning Fruit Scheme, published by Proclamation R. 215 of 1970, as amended, is hereby further amended by the substitution in section 1 for the definition of "canned products" of the following definition:

"'canned products' means apricots, peaches or pears processed and preserved in the form of whole apricots, peaches or pears, pieces thereof, pulp, puree, sauce, juice, juice concentrate, jam, conserve or baby food, but does not include dried fruit;"

No. R. 135, 1979

COTTON SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment as set out in the Schedule hereto, to the Cotton Scheme, published by Proclamation R. 37 of 1974, as amended and has, in terms of section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighteenth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

The Cotton Scheme, published by Proclamation R. 37 of 1974, as amended is hereby further amended as follows:

1. The following section is hereby substituted for section 16:

"16. (1) There is hereby established an advisory committee to be known as the Price Advisory Committee, which shall advise the Board in regard to the exercise of the powers conferred upon it by section 36.

(2) The Committee shall consist of not more than four members and shall be constituted in the manner prescribed by the Board with the approval of the Minister.

(3) The members of the Committee shall, subject to the provisions of subsection (4), be appointed by the Board: Provided that no person of the age of 68 years or more shall be appointed as a member.

(4) No person shall be appointed as a member of the Committee unless he has been nominated for appointment to the Committee by an organisation or person, designated by the Board, with the approval of the Minister, for that purpose and in a manner and within such period as the Board shall determine: Provided that if such an organisation or person fails to nominate any person for appointment to the Committee in the manner so determined within the period so determined; the Board may appoint any person to the Committee which it deems suitable.

(5) The Board may assign to the Committee, on such conditions as the Minister may approve, such of its powers under this Scheme as it may determine with the approval of the Minister.

(6) Die Raad moet ten opsigte van die Komitee sodanige reëls neerlê met betrekking tot die hou van en prosedure op vergaderings (met inbegrip van die kworum), die wyse waarop vergaderings belê moet word, die verkiesing van 'n voorsitter, ampstermyn van lede, die vulling van vakatures en aangeleenthede in verband daarmee, as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(7) 'n Beslissing van die meerderheid van al die lede van die Komitee maak 'n besluit van die Komitee uit tensy die Raad, met die goedkeuring van die Minister, anders bepaal.

(8) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring die toelaes vasstel wat uit die Raad se fondse aan lede van die Komitee betaal moet word."

2. Artikel 35 word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Benewens ander voorwaardes wat hy wettiglik in verband met registrasie mag ople, kan die Raad voorwaardes ople wat die aard van die toerusting en die maksimum kapasiteit van die installasie of masjinerie wat geïnstalleer kan word, of die klas, graad of maksimum hoeveelheid katoenpluksel wat verwerk of omgesit of as 'n besigheid mee gehandel kan word deur sodanige pluismeulenaar, en die wyse waarop en die plek waar of die gebied waarbinne, en die doel waarvoor, en die klasse persone aan wie katoenpluksel of iets wat van katoenpluksel verkry word van die hand gesit mag word, voorskryf."

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 1478

6 Julie 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/601)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

(6) The Board shall, in respect of the Committee, make rules with regard to the conduct of and procedure at meetings (including the quorum), the manner in which meetings shall be called, the election of a Chairman, the period of office of members, the filling of vacancies and matters incidental thereto as the Board, with the approval of the Minister may determine.

(7) The decision of the majority of all the members of the Committee shall constitute a decision of the Committee unless the Board with the approval of the Minister, determines otherwise.

(8) The Board may, with the approval of the Minister, determine the allowances payable out of the funds of the Board to members of the Committee."

2. Section 35 is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) The Board may impose, in addition to any other conditions which it may lawfully impose in connection with registration, conditions prescribing the nature of the equipment and the maximum capacity of the plant or machinery which may be installed, or the class, grade or maximum quantity of seed cotton which may be processed or converted or dealt with in the course of trade by such a ginner and the manner in which, and the place where or area within which, and the purpose for which, and the classes of persons to whom, seed cotton may be disposed of."

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 1478

6 July 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/601)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
316.01	Deur tariefpos No. 73.27 deur die volgende te vervang: „73.27 (1) Geweefde draadstowwe, van yster of staal, vir die vervaardiging van filters en filterelemente vir binnebrand-suiereenjins (2) Wapeningstof, van yster- of staaldraad met 'n deursnee van hoogstens 1 mm, vir die vervaardiging van lugfilterelemente	Volle reg Volle reg"
317.06	Deur paragraaf (20) van tariefpos No. 87.06 deur die volgende te vervang: „(20) Stuurwielkomponente (uitgesonderd speke, buiteringe en metaalkerns), vir die vervaardiging van stuurwiele	Volle reg"

Opmerkings.—1. Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op wapeningstof, van yster- of staaldraad met 'n deursnee van hoogstens 1 mm, vir die vervaardiging van lugfilterelemente.

2. Die voorsiening vir 'n korting op reg op komponente vir die vervaardiging van stuurwiele is nie meer beperk tot dié komponente wat geheel of hoofsaaklik van metaal is nie.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
316.01	By the substitution for tariff heading No. 73.27 of the following: "73.27 (1) Woven wire materials, of iron or steel, for the manufacture of filters and filter elements for internal combustion piston engines (2) Reinforcing material, of iron or steel wire with a diameter not exceeding 1 mm, for the manufacture of air filter elements	Full duty Full duty"
317.06	By the substitution for paragraph (20) of tariff heading No. 87.06 of the following: "(20) Steering wheel components (excluding spokes, outer rings and metal cores), for the manufacture of steering wheels	Full duty"

Notes.—1. Provision is made for a rebate of the full duty on reinforcing material, of iron or steel wire with a diameter not exceeding 1 mm, for the manufacture of air filter elements.

2. The provision for a rebate of duty on components for the manufacture of steering wheels is no longer restricted to those components which are wholly or principally of metal.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 1492 6 Julie 1979

DEVIESEBEHEERREGULASIES. — AANSTELLING VAN GEMAGTIGDE HANDELAAR

Paragraaf 3 (a) van Goewermentskennisgewing R. 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1212 van 15 Desember 1961, R. 512 van 30 Maart 1962, R. 691 van 10 Mei 1963, R. 1223 van 9 Augustus 1963, R. 1922 van 13 Desember 1963, R. 940 van 26 Junie 1964, R. 1181 van 13 Augustus 1965, R. 1778 van 12 November 1965, R. 1961 van 10 Desember 1965, R. 85 van 20 Januarie 1967, R. 230 van 24 Februarie 1967, R. 801 van 16 Mei 1969, R. 1012 van 20 Junie 1969, R. 3114 van 15 Augustus 1969, R. 1011 van 18 Junie 1971, R. 1976 van 29 Oktober 1971, R. 2314 van 24 Desember 1971, R. 423 van 24 Maart 1972, R. 1339 van 4 Augustus 1972, R. 1767 van 6 Oktober 1972, R. 166 van 9 Februarie 1973, R. 299 van 2 Maart 1973, R. 2231 van 30 November 1973, R. 1601 van 13 September 1974, R. 83 van 10 Januarie 1975, R. 787 van 14 Mei 1976, R. 2029 van 29 Oktober 1976, R. 12 van 7 Januarie 1977, R. 937 van 5 Mei 1978 en R. 1867 van 15 September 1978 word hierby verder as volg gewysig:

Deur die benaming U D C Bank Beperk van die lys van gemagtigde handelaars met ingang van 1 April 1979 te skrap van die lys van gemagtigde handelaars vir die doeleindes van die Deviesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1501 6 Julie 1979

MINIMUM VERKOOPPRYSE VIR TABAK.—
VERBETERING

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 912 van 27 April 1979 word hierby verbeter deur die woordomskeywing "klas" na die woordomskeywing van "gespesifiseerde persoon" te skrap en die volgende woordomskeywing in te voeg:

"graad" 'n graad voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968).

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 1492 6 July 1979

EXCHANGE CONTROL REGULATIONS.—
APPOINTMENT OF AUTHORISED DEALER

Paragraph 3 (a) of Government Notice R. 1112 of 1 December 1961 as amended under Government Notices R. 1212 of 15 December 1961, R. 512 of 30 March 1962, R. 691 of 10 May 1963, R. 1223 of 9 August 1963, R. 1922 of 13 December 1963, R. 940 of 26 June 1964, R. 1181 of 13 August 1965, R. 1778 of 12 November 1965, R. 1961 of 10 December 1965, R. 85 of 20 January 1967, R. 230 of 24 February 1967, R. 801 of 16 May 1969, R. 1012 of 20 June 1969, R. 3114 of 15 August 1969, R. 1011 of 18 June 1971, R. 1976 of 20 October 1971, R. 2314 of 24 December 1971, R. 423 of 24 March 1972, R. 1339 of 4 August 1972, R. 1767 of 6 October 1972, R. 166 of 9 February 1973, R. 299 of 2 March 1973, R. 2231 of 30 November 1973, R. 1601 of 13 September 1974, R. 83 of 10 January 1975, R. 787 of 14 May 1976, R. 2029 of 29 October 1976, R. 12 of 7 January 1977, R. 937 of 5 May 1978 and R. 1867 of 15 September 1978 is hereby further amended as follows:

By the deletion with effect from 1 April 1979 of the designation of U D C Bank Limited from the list of authorised dealers for the purpose of the Exchange Control Regulations published under Government Notice R. 1111 of 1 December 1961.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL
ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1501 6 July 1979

MINIMUM SELLING PRICES FOR TOBACCO.—
CORRECTION

The Schedule to Government Notice R. 912 of 27 April 1979 is hereby corrected by the deletion of the definition of "klas" after the definition of "gespesifiseerde persoon" in the Afrikaans text and the insertion of the following definition:

"graad" 'n graad voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968).

No. R. 1502

6 Julie 1979

**HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP TABAK.—
VERBETERING**

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 902 van 27 April 1979 word hierby verbeter deur in Klousule 3 onder die subhoof "Heffing" die uitdrukking "35" deur die uitdrukking "0,35" te vervang.

No. R. 1514

6 Julie 1979

ALGEMENE HEFFING OP KARAKOELPELSE

Ingevolge artikel 46A van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by die genoemde artikel 46A, die algemene heffing, in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het ter vervanging van die algemene heffing, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 176 van 2 Februarie 1979.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Karakoelskema, afgekondig by Proklamasie R. 172 van 1968, soos gewysig, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. 'n Algemene heffing van 2c per pels word hierby opgelê op elke karakoelpels wat uit die Republiek uitgevoer word, uitgesonderd karakoelpelse wat—

(a) voorheen uit die Republiek uitgevoer en ten opsigte waarvan sodanige algemene heffing reeds voorheen betaal is; en

(b) deur lede van 'n koöperatiewe vereniging of -maatskappy, wat hul lidmaatskap verkry het uit hoofde van die bepalings van artikel 5 (4) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939 (Wet 29 van 1939), aan so 'n koöperatiewe vereniging of -maatskappy gelewer is vir uitvoer en deur sodanige vereniging of -maatskappy uitgevoer word.

3. Die in klousule 2 opgelegde algemene heffing is betaalbaar deur die persoon wat die karakoelpelse aldus uitvoer, welke uitvoerder die bedrag van die heffing kan verhaal van die produsent daarvan deur dit af te trek van die bedrag wat hy aan sodanige produsent verskuldig is ten opsigte van die betrokke karakoelpelse.

4. Hierdie kennisgewing tree in werking op die datum van publikasie daarvan en herroep Goewermentskennisgewing R. 176 van 2 Februarie 1979 met ingang vanaf dieselfde datum.

**DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-
BENUTTING**

No. R. 1480

6 Julie 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**KAMSTOFTEKSTIELNYWERHEID (KAAP).—
WYSIGING VAN VOORSORGFONDSOOREEN-
KOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragenbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem), wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Kamstoftekstielnywerheid betrekking het, met ingang

No. R. 1502

6 July 1979

**LEVY AND SPECIAL LEVY ON TOBACCO.—
CORRECTION**

The Schedule to Government Notice R. 902 of 27 April 1979 is hereby corrected by the substitution in clause 3 under the subheading "Levy" for the expression "35" of the expression "0,35".

No. R. 1514

6 July 1979

GENERAL LEVY ON KARAKUL PELTS

In terms of section 46A of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that I have, under the powers vested in me by the said section 46A, imposed the general levy set out in the Schedule hereto in substitution of the general levy published by Government Notice R. 176 of 2 February 1979.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Karakul Scheme, published by Proclamation R. 172 of 1968, as amended, shall have a corresponding meaning.

2. A general levy of 2c per pelt is hereby imposed on each karakul pelt which is exported from the Republic, excluding karakul pelts—

(a) previously exported from the Republic and in respect of which such general levy has previously been paid; and

(b) delivered for export to a co-operative society or company by members of such co-operative society or company, who obtained their membership on account of the provisions of section 5 (4) of the Co-operative Societies Act, 1939 (Act 29 of 1939), and have been exported by such society or company.

3. The general levy imposed by clause 2 shall be payable by the person who so exports karakul pelts, which exporter may recover the amount of such general levy from the producer thereof by deducting it from the amount due to such producer in respect of the karakul pelts concerned.

4. This notice shall come into operation on the date of publication thereof and repeals Government Notice R. 176 of 2 February 1979 with effect from the same date.

**DEPARTMENT OF MANPOWER
UTILISATION**

No. R. 1480

6 July 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**WORSTED TEXTILE MANUFACTURING
INDUSTRY (CAPE).—AMENDMENT OF PROVI-
DENT FUND AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Worsted Textile

van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 2 April 1983 eindig, bindend is vir die werkgewers-organisasie en die vakvereniging wat die Wysigings-ooreenkoms aangeaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 2 April 1983 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigings-ooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 2 April 1983 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by die werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE KAMSTOFTEKSTIEL- NYWERHEID (KAAP)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangeaan tussen die

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die een kant, en die

National Association of Worsted Textile Manufacturers

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Kamstoftekstielywerheid (Kaap),

om die Voorsorgfondsooreenkoms van die Raad, gepubliseer by Goewermmentskennisgewing R. 1154 van 4 Julie 1969, soos gewysig, verleng en hernieu by Goewermmentskennisgewings R. 2124 van 4 Desember 1970, R. 153 van 2 Februarie 1973, R. 682 van 27 April 1973, R. 1850 van 26 September 1975, R. 1531 van 27 Augustus 1976 en R. 555 en R. 556 van 23 Maart 1978, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms moet in die Kamstoftekstielywerheid nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewers-organisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

(2) in die die landdrosdistrikte Die Kaap (uitgesonderd die gebied begrens deur Sewende en Agste Laan en Eerste en Derde Straat, Maitland-Oos), Simonstad, Worcester, Wynberg, Goodwood en Bellville en daardie gedeelte van die landdrosdistrik Stellenbosch wat voor die publikasie van Goewermmentskennisgewing 283 van 2 Maart 1962 binne die landdrosdistrik Bellville geval het, in daardie gedeelte van die landdrosdistrik Kuilsrivier wat voor die publikasie van Goewermmentskennisgewing 661 van 19 April 1974 binne die landdrosdistrik Stellenbosch geval het maar wat voor 2 Maart 1962 binne die landdrosdistrik Bellville geval het en in daardie gedeelte van die landdrosdistrik Somerset-Wes wat voor 9 Maart 1973 (Goewermmentskennisgewing 173 van 9 Februarie 1973) binne die landdrosdistrik Wynberg geval het.

Manufacturing Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 2 April 1983, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 2 April 1983, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 2 April 1983, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE WORSTED TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the one part, and the

National Association of Worsted Textile Manufacturers

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Worsted Textile Manufacturing Industry (Cape),

to amend the Provident Fund Agreement of the Council published under Government Notice R. 1154 of 4 July 1969, as amended, extended and renewed by Government Notices R. 2124 of 4 December 1970, R. 153 of 2 February 1973, R. 682 of 27 April 1973, R. 1850 of 26 September 1975, R. 1531 of 27 August 1976 and R. 555 and R. 556 of 23 March 1978.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Worsted Textile Manufacturing Industry—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and by all employees who are members of the trade union;

(2) in the Magisterial Districts of The Cape (excluding the area bounded by Seventh and Eighth Avenues and First and Third Streets, Maitland East), Simonstown, Worcester, Wynberg, Goodwood and Bellville, in that portion of the Magisterial District of Stellenbosch which, prior to the publication of Government Notice 283 of 2 March 1962, fell within the Magisterial District of Bellville, in that portion of the Magisterial District of Kuils River which, prior to the publication of Government Notice 661 of 19 April 1974, fell within the Magisterial District of Stellenbosch but which, prior to 2 March 1962, fell within the Magisterial District of Bellville and in that portion of the Magisterial District of Somerset West which, prior to 9 March 1973 (Government Notice 173 of 9 February 1973), fell within the Magisterial District of Wynberg.

2. KLOUSULE 9.—BYDRAES

Voeg die volgende paragraaf by subklousule (i):

"Met betrekking tot ander gebiede as die landdrosdistrik Worcester moet elke lid 'n addisionele bykomende bydrae van 25 sent betaal op dieselfde wyse as die basiese en bykomende bydraes, wat die totale weeklikse bydrae van elke lid op 50 sent te staan bring."

3. KLOUSULE 10.—BEDRAG VAN VOORDEEL

Voeg die volgende woorde by subklousule 10 (i) (b) (cc):

"ten opsigte van elke voltooide jaar lidmaatskap met ingang van 1 April 1979, 5 persent van die werkgewer se addisionele bykomende bydrae ten behoeve van hom, met 'n maksimum van 100 persent; plus".

(2) Voeg die volgende woorde by subklousule 10 (ii) (b) na die woorde "1 Maart 1973":

"plus drie maal die bedrag van die addisionele bykomende bydrae gemaak deur die lid ingevolge klousule 9 (i), plus rente op sodanige bedrag bereken teen die koerse soos hieronder uiteengesit ten opsigte van elke jaar van sodanige bydrae na 1 April 1979."

(3) In subklousule 10 (vi) en (vii) vervang die woorde "en bykomende bydrae" deur die woorde "bykomende bydraes en addisionele bykomende bydraes".

Namens die partye op hede die 20ste dag van April 1979 te Kaapstad onderteken.

N. DANIELS, Voorsitter.

W. J. E. WILSON, Ondervoorsitter.

J. D. F. COLINESE, Sekretaris.

2. CLAUSE 9.—CONTRIBUTIONS

Add the following paragraph to subclause (i):

"In respect of areas other than the Magisterial District of Worcester an additional supplementary contribution of 25 cents shall be payable by each member in the same manner as the basic and supplementary contributions, making a total weekly contribution of 50 cents."

3. CLAUSE 10.—AMOUNT OF BENEFITS

(1) Add the following words to subclause 10 (i) (b) (cc):

"in respect of each completed year of membership dating from 1 April 1979 5 per cent of the employer's additional supplementary contributions on his behalf, with a maximum of 100 per cent; plus".

(2) Add the following words to subclause 10 (ii) (b) after the words "1 March 1973":

"plus treble the amount of the additional supplementary contribution made by the member in terms of clause 9 (i), plus interest on such amount calculated on the rates set out hereunder in respect of each year of such contribution after 1 April 1979."

(3) In clause 10 (vi) and (vii) substitute the words "supplementary contributions and additional supplementary contributions" for the words "and supplementary contributions".

Signed at Cape Town on behalf of the parties this 20th day of April 1979.

N. DANIELS, Chairman.

W. J. E. WILSON, Vice-Chairman.

J. D. F. COLINESE, Secretary.

No. R. 1485 6 Julie 1979

**WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN
BOUWERK, 1941**

**VRYSTELLING. — GESIGSKUNDIGES WAT
GESIGSKUNDIGE LABORATORIUMS OF WERK-
WINKELS BEDRYF**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, stel hierby kragtens artikel 54 (1) van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941, en met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, alle werkgewers wat gesigskundiges is en wat gesigskundige laboratoriums of werkwinkels bedryf waarin minder as drie persone werk doen in die bedrywighede wat daarin uitgevoer word, vry van bepalings van artikels 10, 11, 12, 13, 14, 15 en 18 van genoemde Wet, die toepaslike regulasies vervat in Hoofstuk II en al die regulasies vervat in Hoofstuk III van die Regulasies uitgevaardig ingevolge genoemde Wet.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 1485 6 July 1979

**FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING
WORK ACT, 1941**

**EXEMPTION.—OPTOMETRISTS CONDUCTING
OPTOMETRY LABORATORIES OR WORKSHOPS**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 54 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, exempt, with effect from the date of publication of this notice, all employers who are optometrists and who conduct optometry laboratories or workshops in which less than three persons perform work in the activities carried on therein, from the provisions of sections 10, 11, 12, 13, 14, 15 and 18 of the said Act; the applicable regulations contained in Chapter II and all the regulations contained in Chapter III of the Regulations made in terms of the said Act.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

No. R. 1490 6 Julie 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

**JUWELIERSWARE- EN EDELMETAALNYWER-
HEID (KAAP).—HERNUWING VAN HOOFOOR-
EENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 2395 van 20 Desember 1974, R. 1544 van 8 Augustus 1975 en R. 1560 van 12 Augustus 1977 van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1979 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 1490 6 July 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

**JEWELLERY AND PRECIOUS METAL INDUS-
TRY (CAPE).—RENEWAL OF MAIN AGREE-
MENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 2395 of 20 December 1974, R. 1544 of 8 August 1975 and R. 1560 of 12 August 1977 to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1979.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

No. R. 1491

6 Julie 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

WASSERY-, DROOGSKOONMAAK- EN KLEURBEDRYF (TRANSVAAL). — WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 September 1979 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 September 1979 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Bedryf in die munisipale gebied van Johannesburg soos omskryf op 15 Augustus 1956; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 September 1979 eindig, in die munisipale gebied van Johannesburg soos omskryf op 15 Augustus 1956, *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Bedryf by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRaad VIR DIE WASSERY-, DROOGSKOONMAAK- EN KLEURBEDRYF (TRANSVAAL)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Transvaal Launderers', Cleaners' and Dyers Association
en die

Johannesburg Dry Cleaners' and Launderers' Association
(hierna die "werkgewers" of "werkgewersorganisasies" genoem),
aan die een kant, en die

National Union of Laundering, Cleaning and Dyeing Workers
en die

Laundry, Cleaning and Dyeing Workers' Union of South
Africa

(hierna die "werknemers" of "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf (Transvaal)

om die Raad se Hoofoorreenskoms, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1175 van 1 Julie 1977, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1055 van 26 Mei 1978 en R. 2532 van 22 Desember 1978, te wysig.

No. R. 1491

6 July 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

LAUNDRY, DRY CLEANING AND DYEING TRADE (TRANSVAAL). — AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 September 1979, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 September 1979, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Trade in the municipal area of Johannesburg as defined on 15 August 1956; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the municipal area of Johannesburg as defined on 15 August 1956, and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 September 1979, the provisions of the Amending Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Trade by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE LAUNDRY, DRY CLEANING AND DYEING TRADE (TRANSVAAL)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Transvaal Launderers', Cleaners' and Dyers' Association
and the

Johannesburg Dry Cleaners' and Launderers' Association
(hereinafter referred to as the "employers" or "employers' organisations"), of the one part, and the

National Union of Laundering, Cleaning and Dyeing Workers
and the

Laundry, Cleaning and Dyeing Workers' Union of South Africa
(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade (Transvaal)

to amend the Council's Main Agreement, published under Government Notice R. 1175 of 1 July 1977, as amended by Government Notices R. 1055 of 26 May 1978 and R. 2532 of 22 December 1978.

1. KLOUSULE 3.—WOORDOMSKRYWING

(1) Vervang die omskrywing van "bedryfsinrigting met munt- of skyfie-automate" deur die volgende omskrywing:

"bedryfsinrigting met munt- of skyfie-automate" 'n perseel wat gebruik word ten einde een of meer van die volgende fasiliteite aan persone beskikbaar te stel:

- (a) Was;
- (b) droogskoonmaak;
- (c) pars;
- (d) stryk;
- (e) stoom;
- (f) artikels volgens fatsoen afwerk;
- (g) water uithaal;
- (h) droogmaak;
- (i) tuimel;"

(2) Vervang die omskrywing van "opsigter van 'n bedryfsinrigting met munt- of skyfie-automate" deur die volgende omskrywing:

"opsigter Graad I van 'n bedryfsinrigting met munt- of skyfie-automate" 'n werknemer wat as opsigter diens doen in 'n bedryfsinrigting met munt- of skyfie-automate en van wie vereis of wat toegelaat kan word om een of meer van die volgende werksaamhede te verrig:

